

GEDRAGSKODE VIR DIE VERHOUDING TUSSEN STUDIELEIER/PROMOTOR EN NAVORSINGSGEBASEERDE NAGRAADSE STUDENT

Die volgende stel riglyne word as 'n gedragskode voorgestel om te verseker dat die verhouding tussen studieleier/promotor en navorsingsgebaseerde nagraadse student van so 'n aard is dat dit bevorderlik is vir suksesvolle nagraadse studie aan die US:

1. Die kandidaat (met die nodige insette van die studieleier/promotor) onderneem om op hoogte te wees van die infrastruktuur en die gepaardgaande reëls van die betrokke departement.
2. Die US onderneem om nie 'n kandidaat vir 'n spesifieke projek te keur tensy vooraf skriftelik deur die fakulteit bevestig is dat die betrokke projek aangepak kan word nie. Die verantwoordelikheid t.o.v. die nodige fondse en toepaslike infrastruktuur sal spesifiek aangedui word.
3. Die kandidaat sal hom/haar met die hulp van die studieleier/promotor vergewis van die riglyne vir die opskryf van navorsing, soos algemeen aanvaar word binne die betrokke dissipline.
4. Die kandidaat bevestig dat hy/sy oor die nodige rekenaarvaardighede beskik om die projek bevredigend te kan voltooi.
5. Die nodige voorstudiewerk, soos deur die US vereis, sal binne 'n ooreengekome tyd afgehandel word.
6. 'n Werkprogram vir die kandidaat moet binne 'n redelike tyd (normaalweg nie langer as 60 dae nie) na die aanvang van die projek, in oorleg met die studieleier/promotor opgestel word en sal teikendatums vir, byvoorbeeld, die inlewering van 'n projekprotokol, die voltooiing van 'n literatuuroorsig, die afhandeling van bepaalde hoofstukke en die inlewering van vorderingsverslae bevat. Tye van afwesigheid (studieverlof, universiteitsvakansies, ens.) sal ook aangespreek word.
7. Daar sal tydens die akademiese jaar gereeld op vasgestelde tye afsprake tussen die kandidaat en die studieleier/promotor wees.
8. Terugvoer oor die vordering van die studie sal op 'n jaarlikse basis skriftelik deur die studieleier/promotor aan die departementele voorsitter/nagraadse koördineerder/dekaan gegee word.
9. Alle ingelewerde werk sal binne redelike tyd, maar nie langer as 60 dae vir 'n volle tesis nie, deur die studieleier/promotor met kommentaar aan die kandidaat terugbesorg word.
10. Wanneer die projek naby voltooiing is, sal die kandidaat die nodige voorleggings maak in ooreenstemming met die vereistes vir graduering binne die betrokke dissipline. (Daar moet spesifiek verwys word na die US se almanak, soos uiteengesit in die *Algemene Jaarboek Deel 1*, ten einde te verseker dat tesis/proefskrifte betyds afgerond en geëksamineer kan word met die oog op die onderskeie gradeplegtighede in Desember en April van elke jaar.)
11. Die kandidaat onderneem om, soos ooreengekom met die studieleier/promotor, gepaste uitsette (bv. publikasies, patente, referate) te lewer. Die student moet hom/haar vergewis van die gebruike wat in die betrokke dissipline geld t.o.v. outeurskap.
12. Waar van toepassing, moet die kandidaat en die studieleier/promotor hulle vergewis van die voorskrifte wat geld t.o.v. intellektuele eiendom in die betrokke omgewing.

'n Voorbeeld van 'n afmerklys wat kan dien as hulpmiddel in bogemelde verband word hierby aangeheg.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE STUDIELEIER/PROMOTOR

1. Om bekend te wees met prosedures en regulasies
2. Om 'n stimulerende navorsingsomgewing te vestig
3. Om die verhouding tussen studieleier en student te vestig
4. Om advies te gee oor projekteuse en beplanning
5. Om intellektuele eiendom en publikasie te bespreek
6. Om te verseker dat fasiliteite, soos toepaslik, beskikbaar is
7. Om navorsingsopleiding te verskaf
8. Om met die student te konsulteer, vordering deurlopend te monitor en gestruktureerd terugvoer te verskaf
9. Om bewus te wees van die student se situasie en behoeftes
10. Om te reël vir studieleiding in periodes van afwesigheid

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE STUDENT

1. Om bekend te wees met die US-regulasies t.o.v. nagraadse studie en daarby te hou
2. Om navorsing met toewyding te onderneem
3. Om inisiatief en onafhanklikheid te ontwikkel
4. Om volledige rekords van navorsingsresultate te hou
5. Om 'n verhouding met die studieleier te vestig
6. Om terugvoer by wyse van verslae en seminare te verkry en toe te pas
7. Om 'n literatuuroorsig te doen en op hoogte te bly van nuwe literatuur
8. Om voordeel te trek uit die navorsingsomgewing
9. Om die studieleier in te lig oor nie-akademiese probleme
10. Om die tesis/proefskrif voor te berei en te skryf
11. Om publikasies, patente en verslae voor te berei en te skryf